CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 17 — VRYDAG 10 SEPT. 1976

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# Staatspresident open simposium

**DIE tiende simposium wat deur die Sentrum vir Internasionale Politiek aangebied is, is vanjaar op luisterryke wyse geopen deur die Staatspresident, dr. N. Diederichs.**

'n Voordrag oor die Intternasionale Monetêre Krisis is deur dr. C. L. Stals, die visepresident van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, gelewer. Hy het aandag gegee aan die Internasionale Monetêre Fonds, sy werking en funksies, die verloop van die internasionale ekonomiese verhoudinge en die krisissituasie wat tans bestaan. Hy het onder andere genoem dat goud nie meer sy belangrike funksies weens talryke kunsmatige beperkings kan vervul nie. Verder het hy ook die belangrikste redes genoem wat aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die internasionale monetêre orde.

Die simposium oor die internasionale politiek is op 27 Augustus in die nuwe sinodesaal gehou. Die voordragreeks was DIE HUIDIGE INTERNASIONALE EKONOMIESE KRISIS EN DIE WêRELDPOLITIEK.

Die simposium is geopen met skriflesing en gebed, waarna die Rektor, Prof. H. J. J. Bingle, die verwelkoming gedoen het. Daarna is gedurende die voor- en namiddag referate deur verskeie deskundiges op die gebied van die ekonomie en die politiek gelewer. 'n Lewendige bespreking het die referate elke keer gevolg.

Dr. L. A. van Wyk se toespraak het gehandel oor Inflasie en Stagflasie in die Huidige Internasionale Ekonomiese Krisis. Hy het die ekonomiese én die politieke aard van die huidige krisis beklemtoon. In sy toespraak het hy die oorsake wat aanleiding gee tot inflasie en stagflasie, die vorme wat inflasie kan aanneem en die ekonomiese, sosiale en politieke gevolge daarvan, bespreek. Volgens hom val die gevolge van inflasie en stagflasie op al drie hierdie terreine en die verskynsel is ernstig omdat dit die algemene stabiliteit op hierdie terreine ernstig bedreig.

Die hoofbestuurder van Senbank, dr. Chris van Wyk, se referaat het gegaan oor Suid-Afrika in 'n onstabiele wêreld: kragpunte en kwesbaarhede. Die posisie van Suid-Afrika met betrekking tot die ekonomiese krisis is behandel. Hy het die spanningsvolle verhouding tussen die ekonomie en die politiek bespreek, asook Suid-Afrika se kragpunte teenoor dié van die Westerse Nywerheidslande en teenoor Afrika, maar ook Suid-Afrika se kwesbaarhede in die huidige ekonomiese krisis wat internasionaal bestaan. Die uitdagings wat die toekoms bied, is ook deur hom bespreek.



Groepsfoto van lede van simposium. (Foto: Fotokuns.)

Gedurende die simposium het die oorhandiging van die bydrae van die Federasie van Rapportryers ook plaasgevind. Mnr. P. J. Clase, die voorsitter van die Landsraad het die bydrae aan Prof. C. P. van der Walt, direkteur van die Sentrum vir Intetrnasionale Politiek, oorhandig.

Die suksesvolle simposium is in die namiddag afgesluit met die Stem van Suid-Afrika.

## * So is toekenning gedoen

# S.S.R.-portefeuljes



**ADRé VAN DEN BERG**
- Advertensies, publikasies en datums




**GERRIE VAN WYK**
- ASB-projekte



**PEET BADENHORST**
- P.U.-kleure, -eksamens en verkiesings



**PIERRE DE JAGER**
- Geboue en terreine



**PIETER ODENDAAL**
- Grondwette en verkiesings



**NIEK POTGIETER**
- Karnaval



**GERHARD KAMFFER**
- Ontspanning



**CHRISTO SCHWELLNUS**
- Ontspanning



**DOUW BREED**
- Opleiding



**PIETER FOURIE**
- Opleiding



**THEO CLOETE**
- Ontwikkelingshulp, toere en grondwette



**ILZE KUUN (MEJ.)**
- Wapad en openbare betrekkinge

# DIT IS WEER LENTE!

**EK tel die dae af op my kalender en raak sommer opgewonde as ek telkens besef die winter is ampertjies verby. Die lente wag letterlik om te gebeur. Party lenteverskynsels het al glad die tyd vooruit gehardloop.**

Die dansende papawers en die knikkende gesiggies in die laat. Augustuswinde is spreukende voorbeelde hiervan. Was ek nie aangenaam verras toe ek een middag Bult toe stap, en 'n bloeisel in die parkie bespeur nie!

Die tortelduifies dryf as't ware die koue weg en dwing ons om die koms van die lente in te wag. Ons is almal bewus daarvan dat die oggende nie meer so bytend koud is nie en die son kom ook al vroeër op. Die eerste groen grassies doen ook hulle bes om die dorre vaalheid in te kleur.

In my geestesoog sien ek die bruisende Mooirivier en wuiwende gras en prykende veldblomme. Daar's net een ding wat kortkom — die ouens en die asters, want sien, hulle sit almal met boeke. As Oktober kom dan kom ook bloktyd en niemand kan dit dan bekostig om rond te loop en te kuier nie.

PUKKE! Spring en begin nou leer en waardeer die lente hierdie jaar ten volle. Moenie kosbare tyd verspil nie, spyt kom altyd te laat.



## Vonkelfontein

EN al is dit in die hartjie van die winter bly vakansietyd altyd partytjietyd...

Wat van 'n vonkelfontein met julle volgende partytjie? Dit sal altyd 'n aardigheid wees en 'n triomf vir die skinker as hy daarin kan slaag om al die glase vol te gooi sonder om een druppel te mors.

Jy het 23 wynglase nodig wat almal eenders moet lyk. Plaas die eerste 3 glase saam sodat almal aan mekaar raak. Rangskik die volgende 9 in 'n sirkel om dié 3.

Vir die tweede laag word 1 glas in die middel van die onderste 3 geplaas en rondom hierdie 1 weer 6. Vir die derde laag word 3 glase in die middel van die tweede laag geplaas en vir die vierde laag 1 glas op hierdie 3. Maak net weer seker dat al die glase oral aan mekaar raak.

Die boonste glas word nou volgegooi en van daar sal die drank oor die kante loop om al die glase na onder te vul. Hou op sodra die onderste glase twee derdes vol is.

Net iemand met 'n stewige hand moet probeer om die vonkelfontein te maak. Oefen liewer eers met 'n groot beker water totdat jy dit goed regkry om al die glase vol te skink sonder om te mors.

Sterkte vir 'n wonderlike partytjie!

## Wen Bybelvasvra

VAN 24 Augustus tot 2 September gaan een van ons Pukke op 'n swaarverdiende toer deur Israel. Sy is lid van die Wes-Transvaalse span van die N.G.-kerk wat 'n landswye Bybelvasvra gewen het.

Martie Nel, 'n inwoner van Klawerhof, is 'n tweedejaar Bsc.-student. Ten spyte van hoofvakke soos Wiskunde en Sielkunde, het sy kans gesien om aan die intensiewe vasvra deel te neem. Haar spanmaats is Elirea Bornman, 'n oud-Puk en op die oomblik 'n onderwyseres te Christiana, en Marina van Zyl, hoofmeisie van die Floridase Hoërskool.

Die vasvra, wat gereël is deur ds. Robert Schimdt, het spanne van die A.G.S.-, Hervormde-, Gereformeerde- en N.G.-kerk ingesluit. Elke streekkantoor het uitdunne gereël, waarna sestien spanne geskies is. Elk van hierdie spanne het teen vier ander te staan gekom.

Die vasvra het oor die hele Bybel gehandel, en is deur ds. Schmidt gelei. Die deelnemers moes tussen sestien en vyf-entwintig jaar oud gewees het, en teologiese studente is ook uitgesluit.

Martie-hulle vertrek op die 24ste September na Israel as gaste van die toeristeburo van die land. Hulle vliegtuigkaartjies is deur die El-al lugredery geskenk. Die moontlikheid bestaan dat de S.W.A.-span, wat tweede geëindig het, saam sal gaan toer.



Susan Botha

## OOSTERHOF-NUUS

NOG 'n semester is verby en voor ons is 'n splinternuwe een wat vele beloftes inhou. Al wat oorgebly het van die vakansie, is die mooi herinneringe daarvan, die blinkheid in die oë en o ja, daardie blink klippies aan die vingers! Aan Christine Botha, Helen Botha en Corrie Pretorius, baie geluk van almal hier in die koshuis.

Verlede semester is op vrolike noot afgesluit met ganginteraksies ,sêrs en groot feeste wat almal in die regte stemming gebring het vir die vakansie. Die tyd wat nou voorlê, beloof om veel aangenamer te wees, want dis nou maar een ding van ons hier in Oosterhof: ons kan feeste hou én dit geniet! Aan die manskoshuise: Hou jul reg vir groot feeste saam met ons!

Op die sportgebied gaan dit heel skaflik. Ons spog met goeie netbal- en hokkiespanne en dames wat ons koshuisnaam hoog hou, ook in tennis, atletiek en korfbal. Mooi so julle, dit hoort mos so! Maar ons is ook reeds druk besig om voorsorg te tref indien noodtoestande dalk kan ontstaan. Ons het ook al ge-oefen om die koshuis, in geval van 'n brand, in 'n japtrap te ontruim. Baie dankie vir julle samewerking.

En nou, 'n boodskap aan almal, maak dit in die tyd wat voorlê jul eie:
Geniet die studentwees en jonkwees,
En hou jou koshuis se naam hoog.

Oosternooi groete aan almal.

## DIE VROUEHART

„Hoe moet 'n vrou se hart wees om mooi te wees?" Kalimbo, die ou Bantoe-spoorsnyer, in die jagveld van Afrika sê:

„Om mooi te wees, moet die hart van die vrou drie dinge wees:
Dit moet wees soos die gras wat deur die diere afgevreet word, maar altyd weer groei; g'n seer moet dit doodmaak nie!
Dit moet wees soos 'n fontein wat deur die diere vuilgetrap word, maar daarna altyd weer helder word; geen man moet sy modderspore daarin agterlaat nie!
Dit moet wees soos die rooidag wat elke môre die donker nag oorwin; geen swaarkry moet dit dood kry nie."

"Waar ver winde waai" P. J. Schoeman.

## „Fanie se Vuurdoop"

EN hier is nog een van P. J. Schoeman se wyshede by monde van Fanie in „Fanie se Vuurdoop": „nou wonder ek watter soort vrou 'n man op die duur die gelukkigste mee is... die een wat alles laat uitkom wat in haar hart is, of die een wat jou maar altyd so 'n bietjie aan die raai hou? Pa sê mos elke voordeel het sy nadeel. Dit moet nogal lekker wees om presies te weet wat in 'n nooi se hart plaasvind, te wete wanneer sy uit haar eie na 'n soentjie verlang. En tog dink ek dat dit later eentonig sal raak. As 'n nooi se hart sommer so 'n lang oop reguit pad voor jou is, kan dit jou later dalk vaak maak en laat gaap. En dit is vir my vreeslik lelik as jong mense gaap voordat dit slaaptyd is. Aan die ander kant moet 'n nooi se hart darem ook nie 'n soort pad wees wat die ene kronkels en draaie is nie. So 'n soort pad sal 'n mens se senuwees verniel..."

## EK VRA MAAR NET

LIEWE LESERS,
Ek vra maar net...

Tik tak tik tak die versoeking raak te groot. Sy oë lig skielik en bekyk gou die meisie van kop tot tone, som haar op en gee so in sy poging om die feite agtermekaar te kry, vir haar 'n groepsklasifikasie en 'n punt. Sy gaan sit met al die waardigheid wat sy in haar het (of al die onwaardigheid), en kyk die wêreld om haar aan met 'n uitdrukking van: „ek het baie om te swot".

Oorkant hom sit drie meisies die stapels lekkergoedpapiere kompeteer goed met die dun pakkies akademiese papier wat darem nog nie opgefrommel is nie. Die deur wat oopgaan is telkens vir hulle 'n teken om opnuut weer uit te bars van die lag. As mens na die Biblioteek gaan, trek jy mos foutloos aan, of om die oog te vang, en pasop tog vir skoene wat te hard loop. (Dit mag onnodig aandag trek).

Sy het 'n oulike ou gesien op die eerste verdieping. Jy weet, daardie afskortings in die agterste deel. Miskien moet sy daar gaan sit sodat haar akademie haar darem nie te veel opkeil nie.

Soos robotte sit hulle daar; 28, 29, 30 minute! Sjoe maar nou is ek darem styf gesit, ek dink ek moet nou weer breek, mens kan mos nie so lank stilsit nie, en buitendien ons skryf eers more. Maar wag, daar staan die blondekop ook op, ek sweer ons is telepaties verbind, maar toe gaan die deur oop. Agge nee! ek moes geweet het sy sleep vas, dis mos nie verniet nege uur nie (met ander woorde sleeptyd in die biblioteek).

So gaan dit die hele aand aan: soos miere werk hulle! In en uit, in en uit, al lei dit net tot by die fotostatiese afdrukmasjien en tot by die gebundelde vraestelle van verlede jaar. Sommige gaan sit en lees in die leeskamer — nie sonder die nodige aandag wat aan sy medelesers bestee word nie. Ander vat maar die halfuur af en gaan Bult toe, kyk mens moet maar net rus.

Nou vra ek maar net wat van twee biblioteke, een vir „social" en een vir swot, die agtergrond van die boeke is darem só romanties!

Groetnis,
Kontoer.

## *Wat van die somer?*

**WATTER modes gaan ons nou aanhang? Ag, as dit tog maar net so eenvoudig was soos wat die modetydskrifte dit voorstel. Ek wonder lankal hoe ek my gaan aanpas.**

Die nuwe jaar en komende seisoen verander so baie aan mens, dat ek nie meer altyd lus is vir verlede jaar se blommetjies en kolletjies nie. Hoekom nie inval met die strepe nie, dit kan tog so baie afwisseling bied en goed lyk vir ten minste twee seisoene.

Die beste bly maar tog die basiese dinge en met 'n bietjie verbeelding en oorspronklikheid kan een romp of rok na die verskillende uitrustings lyk. Terwyl die mode dit toelaat, hoekom maak ons nie die meeste daarvan en beplan 'n netjiese, „smart" somer nie.

Dis tog nie te veel moeite om 'n modeboek of enige tydskrif deeglik deur te gaan en 'n notatjie in jou agterkop neer te stip oor 'n besondere patroon of kombinasie van patrone nie. Mens moet veral oplet hoe die mense om jou aantrek en kombineer.

Dis nie die blote feit dat sy 'n serp of krale of 'n strepie iewers aan het nie, maar dis hoe sy hierdie ekstra ietsie aanwend wat haar laat anders lyk. Moenie dink sy vat sommer net en dit lyk reg nie, sy pas en kyk en pas weer totdat dit goed lyk.

Onthou net dat dit nie net die mooi meisies is wat kan goed lyk nie, maar elke dame wat bietjie moeite doen met haarself kan netjies en afgerond lyk — asof uit 'n modeboek.


**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".
ANDRÉ JOUBERT

**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. M.B.A.-studielenings: Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TEL. 6171
—WP.

# Jaarverslag van skrywerskring

## vir die termyn 75/76

1. INLEIDING
Skrywerskring se aktiwiteite bestaan daaruit dat ingelewerede gedigte van studente op byeenkomste voorgelê word en dan bespreek word. Aan die hand van letterkundige beginsels word dan konstruktiewe kritiek oor die digwerk gelewer en die digter kan dan daaruit veel leer in verband met sy eie werk. Die beste gedigte word vir plasing in Die Wapad ingedien. Aan die einde van die jaar word die jaar se beste werk in 'n bundel saamgestel wat dan gepubliseer word en aan die studente asook die breë publiek te koop aangebied word. Sodoende word die beste studentegedigte aan die ander studente en publiek bekendgestel. Gedigte van Skrywerskring word ook in Die Besembos opgeneem.

2. VERGADERINGS & BYEENKOMSTE

2.1 Bestuursvergaderings
In die loop van die termyn is 2 bestuursvergaderings gehou waartydens reklame, publikasies en jaarprogram bespreek is.

2.2 Ledevergaderings
Ses ledevergaderings is gehou in die sitkamer van Klawerhof dameskoshuis, met 'n gemiddelde opkoms van 19 persone. Tydens die vergaderings is informeel bespreking gevoer oor die ingelewerde gedigte, en is oor die algemeen baie lewendige reaksie verkry, wat ook aan die digters baie goeie aanduiding was van die ontvangs wat hul werk by andere kry.
'n Verdere ledevergadering word nog in die huidige jaar beplan, en die verspreiding van „LENS 75/76" sal op hierdie vergadering geloods word.

2.3 Sosiale Byeenkomste
Die openingsaand is op 25 Februarie 1976 in die sitkamer van Klawerhof dameskoshuis gehou. 'n Mooi opkoms van 38 studente het gesorg vir lewendige besprekings en daar is verder gesellig verkeer met druiwesap en ligte verversings.
'n Afsluitingsfunksie sal nog gereel word en die jaar se aktiwiteite sal so paslik afgesluit word.

3. PUBLIKASIES
LENS 75/76 word teen die einde van Augustus van die drukkers verwag en beloof om 'n puik bundel te wees. 'n Taamlik groot oplaag is gedruk en LENS sal teen R1,00 per eksemplaar verkoop word. 'n Bekendstellingsaand sal gesamentlik met die laaste ledevergadering gehou word, en verspreiding & verkope word deur die lede self asook verskeie boekhandelaars gedoen. Aangesien daar in 1975 nie 'n LENS verskyn het nie, bevat LENS 75/76 die keurgedigte van die afgelope twee jaar.

4. NUWE BESTUUR
Die Bestuur van Skrywerskring vir die termyn 1976/77 is op 4 Augustus verkies. Die Bestuur is:
Voorsitter — Mnr. Mauritz Moolman.
O/Voorsitter — Mej. Anne Grobler.
Penningmeester — mnr. Johan Myburg.
Sekretaresse — Mej. Wilma v.d. Walt.
Add. Lid — mnr. Callie van Pletsen.

5. SLOT
Hierdie jaar was vir Skrywerskring baie suksesvol, en my dank gaan hiermee uit aan elke Bestuurslid wat die samewerking gegee het om dit moontlik te maak.
Aan die nuwe bestuur wens ek alle sterkte en voorspoed toe, en vertrou dat Skrywerskring verder sal groei en uitbrei gedurende die nuwe jaar.
CALLIE VAN PLETSEN.
(Voorsitter)


Dit is my vereistes, niks meer nie en niks minder nie



THALIA toneelgeselskap sluit hulle program vir die jaar af met 'n reeks opvoerings hierdie week in die Totiussaal op die Puk. Die hoogtepunt van 'n suksesvolle jaar beloof ongetwyfeld vanaand 10 September te wees wanneer die Thalia-reunie plaasvind. Thalia is vanjaar 25 jaar oud en die reunie is 'n paslike manier om dit te vier. Na verwagting sal verskeie oud-Thalianers die reunie bywoon.

Vanjaar se opvoering het oral groot byval gevind en 1976 kan as 'n suksesvolle jaar vir Thalia beskou word. So tussen die akademie deur kan die Pukke gerus na die veel besproke stuk van Thalia gaan kyk.

Intussen is die bestuur vir 1977 reeds verkies. Riaan van der Walt is ons nuwe voorsitter met Adriaan van der Walt as ondervoorsitter en Elsje Pelser as sekretaresse. Adriaan Pretorius is tegniese bestuurder en Jan van der Klashorst is penningmeester. Die plan is om volgende jaar 'n toer deur die Wynland te onderneem en weer 'n komedie op te voer. Ons sê sterkte vir die klomp Thalianers en hul reunie vir Vrydag.



### UITTREK VAN 'N DORING

- 'n Perdevlieg word lewendig gebruik om turksvydorings uit te trek.
- Sny 'n rosyntjie oop en haal pitte uit, sit 'n vlieg daarin en maak oor plek vas.

TEEN BLOEDVERGIFTIGING

- Sit 'n pap van beesmis en asyn op, nadat die mis opgewarm is, (warm beesmis van die kraal is die allerbeste.)
- Hou die seerplek in warm wassodawater en sit dan 'n Merinoskaap se niervet gebraai saam met 'n bossie (ons noem dit teebossie omdat die naturelle daarvan tee maak) daarop. Dit word gekook tot dit soos 'n groen salf lyk. Daar is nie 'n seer wat hierdie mengsel nie gesond sal maak nie.

TEEN BLOEDVINTE

- Wasluise wat op vet doringbome sit word geneem en gebrei tot 'n pleister, dit is goed om bloedvinte ryp te maak of dorings uit te trek.

TEEN LAE BLOEDDRUK

- Hierdie siekte ontstaan deur uitgeputte senuwees. Hier is baie rus nodig en versterkende voedsel nodig. Neem vroeg in die more 1 teelepel koeksoda in 'n glas baie warm water. Elke keer soos u skielik snaaks voel en wurg, neem weer die koeksoda water. Hou so aan totdat dit verdwyn. Kamfer brandewyn met water help ook. Neem dit saam as u iewers heen gaan. Dit is altyd gereed.

TEEN GIFTIGE BYTWONDE

- Skerpioen in soetolie gesteek en opgesit.
- Maak 'n xxx Peppermint effens klam en sit op die plek. Hou op tot die gif uit is. Dit vreet 'n gat deur die peppermint.


IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.

'n Bank.
Tye het verander. Banke ook.
Nedbank speel vandag 'n ewe belangrike rol op die kampus as in die Suid-Afrikaanse finanswêreld.
Per slot van rekening bevind duisende van ons toekomstige kliënte hulle tans op universiteit. Dis dus net logies om hulle sommer dadelik te begin help pleks van te wag vir beter dae. U het hulp nóú nog meer nodig as later.

Studiehulp
As student moet u geld hê vir allerlei dinge. Boeke. Losies. Klasgeld. Klere.
Nou ja, na u eerste studiejaar kan u aansoek doen vir 'n Nedbank-studieleningsrekening. Ons kan u 'n ruim bedrag tot 'n vasgestelde perk leen. Dié perk is nóg hoër as u besig is met u MBA-graad.
En u betaal net die spesiale lae studente-rentekoers: 5,5% op die geld wat u werklik trek.
U kan ook die gerief hê van 'n Nedbank-tjekboek, 'n Nedbank-spaarrekening en – as u kampus 'n Kitskontantmasjien het – ons Kitskontantkaart.
Daarby bied ons u verskeie ander dienste. Vakansietye sal ons u help met reisbesprekings. Ons kan u voorsien van reistjeks. Buitelandse valuta vir u reël. Ons kan selfs leesstof verskaf, soos publikasies oor die ekonomie.
Ook Passport to Pleasure, ons gratis maandelikse gids oor reis en vermaak.
En Nedbank Sportsman

Wegspring-kapitaal vir u eie onderneming
As u 'n professionele graad behaal, sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin. Weereens sal u vind dat Nedbank u nog verder kan help. Moontlik met 'n lening – op werklik billike voorwaardes.
Vir dokters en tandartse bied ons spesiale huurfasiliteite.

Ons laat u geld méér geld verdien
Ons toptalent op elke finansiële gebied is tot u beskikking. Finansbeplanners. Beleggingsbestuurders. Versekeringskonsultante. Trouens, u kan aanklop vir raad en advies by ons voorste finanskenners.
Ons kan u help beplan om u inkomste, u spaargeld en u kapitaal te laat groei. En die hoogste moontlike rentekoerse is beskikbaar vir enige beleggingstyd.

Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker
Terwyl u nog student is, kom loer gerus bietjie in by u naaste Nedbanktak en vertel die bestuurder wat u posisie is.
Want onthou: hoe verder u die res van u lewe vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS
Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK

die WAPAD

(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# Aktiewe bydrae

**WANNEER 'n nuwe redaksie oorneem by 'n oue, dan is dit goed om eers te besin oor die hele doel en opset van 'n studentekoerant.**

**Die Wapad kom al 'n baie lang pad. Soveel so, dat dit inderdaad bloot net as algemeen aanvaar word. Elke Vrydag is dit op sy pos... Die Wapad het probeer om deur die jare 'n baie belangrike rol te vervul. Dit is om 'n doeltreffende kommunikasiemiddel te wees. Wat van vandag? Laat ons nou eerlik teenoor mekaar wees, só 'n kommunikasiemiddel is onontbeerlik op enige kampus. Nou word die vraag egter gevra of die Wapad wel hierdie rol vervul, en of dit nie maar bloot net 'n inligtingstuk is nie, in die sin dat dit as 'n eensydige dialoogvoering beskou word nie.**

**Die gevaar kan wel bestaan dat so 'n toestand wel kan ontstaan. Dit moet net onthou word dat hierdie blad immers voltyds uitgegee word deur studente wat deeltyds hulle aandag daaraan bestee. Hierin bestaan egter 'n uitdaging om te probeer voldoen aan die vereistes van elke student. Om die wel reëlmatige tempo te kan weerstaan. Daarom is dit dan ook die redaksie se beleid om soveel moontlik geleentheid te bied vir onderlinge kommunikasie tussen studente. Die redaksie moet so verteenwoordigend moontlik vir die studentemassa wees.**

**'n Verdere doel van die Wapad is om 'n doeltreffende kommunikasiemiddel tussen die studentemassa en die studenteraad te wees. Hierdie blad is tog immers 'n studenteraads-publikasie. Ons weet egter dat ons 'n verantwoordelikheid het jeens albei kante. Dit sal egter sorg dra, dat ons nie sal huiwer om standpunt in te neem nie, al moet daar op sekeres se tone getrap word in die proses. Dit sal egter 'n verantwoordelike standpuntinname wees.**

**Dan moet die Wapad poog om wat gedoen word reg te laat geskied aan almal. Dit moet die strewe wees om die studentemassa tevrede te stel in alles wat gepubliseer word. Dit moet ons strewe wees om die studentemassa te motiveer om 'n aktiewe deelname te hê in die Wapad.**

# Dank

**ONS was baie bly om 'n man soos Roelf Buitendag as redakteur te kon hê gedurende die afgelope termyn. Daarom bedank ons hom namens al die Pukke vir sy aktiewe en positiewe bydrae. Dit was 'n plesier om 'n Wapad te kon lees wat deur hom uitgegee was.**




# Die lewensvatbaarheid van tuislande

**MET die Transkei wat later vanjaar onafhanklik word, dring die vraag van ekonomiese lewensvatbaarheid van die Tuislande steeds sterker na vore.**

Lewensvatbaarheid beteken nie ekonomiese onafhanklikheid nie, maar dat 'n land in staat is en moet wees of oor die vermoë beskik om met sy eie hulpbronne in al sy eie behoeftes te voorsien en al sy verpligtinge na te kom. Voorsiening in eie behoeftes sluit nie Internasionale handel of hulp van ander lande of enige internasionale ekonomiese betrekkinge uit nie. Inteendeel, in die moderne ekonomie, waar spesialisasie 'n kenmerk is om beter benutting van beskikbare en verminderde hulpbronne en produksie faktore te verseker, is daar geen land wat ekonomies onafhanklik is nie. Dit impliseer dat in die moderne ekonomiese stelsel aanvaar kan word dat daar inter-afhanklikheid moet bestaan ten einde die vinnigste ekonomiese vooruitgang en grootste welvaart van die verskillende lande en hulle bevolkings te verseker. Hierdie verskynsel is in die besonder van toepassing op Suid-Afrika en die Tuislande.

In Suid-Afrika bestaan daar 'n groot mate van ekonomiese integrasie. Die Republiek voorsien die grootste gedeelte van die in- en uitvoerbehoeftes van die Tuislande; die Republiek is die grootste mark vir die Tuislande; Die Tuislande maak gebruik van feitlik alle instellings in die Republiek, byvoorbeeld die landboubeheerrade; die Republiek is grootliks afhanklik van die arbeid van die Tuislande en daar is 'n groot mate van beweging van arbeid tussen die verskillende lande; die Tuislande is tot 'n groot mate afhanklik van die kapitaal van die Republiek; die infrastruktuur van die Republiek en die Tuislande is interverweef; en so kan die lys van raakvlakke tussen die Republiek en die Tuislande en ander lande in Suider-Afrika nog verder aangevul word.

Omdat daar geen moontlikheid en rede bestaan om te verwag dat hierdie verwantskappe met onafhanklikheid van die Tuislande met hierdie verbintenisse in staat sal wees om al hulle verpligtinge na te kom of anders gestel, om ekonomies selfstandig te wees. As al die faktore wat 'n rol speel in ekonomiese lewensvatbaarheid oorweeg word, kan daar onomwonde verklaar word dat al die Tuislande wel ekonomies lewensvatbaar sal wees, soos ons uit 'n kort ontleding van 'n paar relevante faktore kan aflei.

Daar word soms geargumenteer dat die grondgebied van die Tuislande te klein is, maar klein grondoppervlakte hoef nie noodwendig 'n beperking op lewensvatbaarheid te wees nie soos selfs met klein Afrikalande, byvoorbeeld Gaboen en die Ivoorkus, bewys is. Saam met die grondgebiedkwessie word daar dikwels gevoel dat die los geografiese eenhede van die Tuislande hulle sal verhinder om ekonomies lewensvatbaar te wees. Dit geld ook nie noodwendig nie, hoewel erken moet word dat dit belemmerend kan wees. Konsolidasie na enkele geografiese eenhede sal dus die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Tuislande kan verhoog.

'n Eienskap van klein lande is dat hulle normaalweg oor min natuurlike hulpbronne beskik sodat hulle ekonomieë minder gediversifiseerd is. Hoewel die aanwesigheid van baie natuurlike hulpbronne die lewensvatbaarheid van 'n land verhoog is dit nie 'n noodsaaklike vereiste nie, want deur spesialisasie kan die land kompenseer vir gebreke wat daar mag bestaan. So kan Qwaqwa wat oor weinig bekende natuurlike hulpbronne beskik hom toelê op die ontwikkeling van handel en nywerheid omdat die land klein is kan die inkome per capita gou vermeerder word as die nasionale inkomste groter word.

In die moderne produksieproses met sy spesialisasie word groot markte benodig en hieroor beskik die Tuislande nie. Indien die Tuislande dus slegs op hulle eie markte aangewys is, kan hierdie 'n beperkende faktor word, maar aangesien die interafhanklikheid in Suider-Afrika bestaan is daar 'n baie groter mark en hoef dit nie 'n beperking te wees nie.

Wat landboupotentiaal betref, is groot dele van die Tuislande in die vrugbaarste gebiede in Suid-Afrika geleë en volgens skatting het die landbougrond van die Tuislande ongeveer 1½ keer die potensiaal van die landbougrond in die blanke gebied. Op hierdie stadium is die landbouproduktiwiteit in die Tuislande egter baie laag en sal dit 'n geruime tyd neem om hierdie produktiwiteit te verhoog. Nogtans bestaan die potensiaal en is hierdie nie 'n beperkende faktor op lewensvatbaarheid nie.

Omdat daar min natuurlike hulpbronne in die Tuislande is, kan min van hulle reken op mynbou-ontwikkeling om hulle lewensvatbaarheid te verhoog, met die uitsondering van Bophuthatswana en Lebowa. Nywerheidsontwikkeling sal dus groter aandag by meeste van hierdie Tuislande moet geniet. Ofskoon daar nog betreklik min ontwikkeling op hierdie vlak is, moet onthou word dat daar eers relatief onlangs hiermee begin is. Daar kan ook nie verwag word dat nywerhede vinnig sal ontwikkel nie omdat dit 'n langsame proses is en in dié opsig sal dit aanvanklik nie die lewensvatbaarheid vinnig verhoog nie. Hiermee saam is die tersiêre sektor nog onderontwikkeld. As hierdie laaste twee sektore se ontwikkelingspotensiaal in ag geneem word, bestaan daar nog groot moontlikhede in die Tuislande.

Uit die voorgaande paar opmerkings is dit duidelik dat die potensiaal tot lewensvatbaarheid wel by die Tuislande bestaan, maar dat daar nog belemmerende faktore is. Die grootste is dat die innerlike dryfveer by die verskillende volke ontwikkel moet word. Die ekonomiese lewensvatbaarheid is egter afhanklik van die interafhanklikheid van die lande in Suider-Afrika en hulle

# Skryfpapier

JOU sak is plat en jou skryfpapier gedaan. Wat 'n probleem! Mooi skryfpapier is tog so uniek. Dit is verbasend wat 'n blou blommetjie bo in die hoek van die papier aan jou skryflus kan doen en jy wil tog nie vir hom op 'n vel papier uit jou aantekeningboek skryf nie, wil jy?

Ek het hierdie skryfpapierprobleem al baie ondervind, maar ek het gelukkig 'n goedkoop uitweg gekry: Koop 'n gewone blanko skryfblok sonder lyntjies of prentjies. Dis die goedkoopste. Nou gaan jy jou eie skryfpapier ontwerp! Blaai deur ou tydskrifte en soek mooi sketse of selfs foto's van blomme of paartjies of selfs kinders. Skeur die hele bladsy uit.

Plaas die skryfpapier op jou lessenaar en plaas die prentjie onderstebo (m.a.w. met die gesigkant na die skryfpapier) en verf met 'n wattetjie en „Thinners" agterop. Druk hard en verf in alle rigtings. Oefen eers op 'n gewone stuk papier om jou vaardigheid aan te leer en te verbeter.

Jy kan jou eie unieke anderse skryfpapier so maak en die effek is baie meer treffend. Gekleurde koeverte kan ook prentjies op kry. Jy sal spoedig jou ouers, familie en penvriende aan die gis hê oor jou mooi skryfpapier en jou tegniek.

Sketse in tydskrifte is baie effektief. Die ontwerp of skets kom oor die hele bladsy afgedruk, want die afdruk is so liggies dat 'n mens daaroor kan skryf. Party afdrukke is so mooi dat 'n mens jammer is om daaroor te skryf. In elke geval dis 'n baie aangename tydverdryf, of sal ek sê afwisseling?

Lekker skryf en tot volgende week.

— Die Redaktrise.

# Uit die Woord

*. . . Maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe. — 2 Kor. 4 : 16.*

*Ons het twee kosbare lewens. Daar is ons natuurlike lewe wat gebonde is aan ons liggaam en 'n deel is van hierdie tydelike en aardse.*

*Ons het egter ook 'n ander lewe wat in die wedergeboorte en uit die genade in Christus opkom. Dit is 'n lewe uit die geloof en aan Christus gelykvormig.*

*Hierdie tweërlei kosbare lewens word in ons teks bestempel as die uiterlike mens en die innerlike mens.*

*Ons as gelowiges is ook baie bly as dit goed gaan met ons uiterlike mens, as ons gesond en sterk en in die goeie sin van die woord, welvarend is. Ons uiterlike mens is egter bestem om afgebreek te word. Dit kan in een geweldige oomblik gebeur, maar dit kan ook 'n proses wees wat 'n hele stuk van ons lewe in beslag neem, en wat ons inderdaad met weemoed en droefheid vervul.*

*Dit kan op enige leeftyd gebeur, maar dikwels oorval dit ons op die ou dag. Golf na golf slaan teen ons aan en verbrokkel ons lewe. Ons verloor ons dierbares deur die dood. Ons word al eensamer en ons hart is vol van droefheid en verlange. As ons nog gesond en sterk was, kon ons daarteen veg, maar nou vermenigvuldig die kwale van ons liggaam en ons kragte neem af. Al veg ons teen die teenhede, is dit tog maar duidelik dat ons besig is om die stryd te verloor. Ons natuurlik-aardse lewe was 'n kosbare geskenk van die Here, maar net soos blomme van die veld, ook baie teer en kort van duur. Al sien die mense nie trane in ons oë nie, die Here sien 'n traan van weemoed in ons hart en dan stuur Hy vir ons hierdie heerlike woord van vertroosting: „Nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe".*

*Hierdie troos is net vir dié by wie daar ook werklik 'n geestelike lewe is. Daardie innerlike en nuwe lewe met die Here is ons kosbaarste besitting, selfs nog baie kosbaarder as die natuurlike, aardse lewe. As ons aardse lewe kwyn en krimp, kan ons vrees dat ons geestelike lewe ook sal word soos 'n vuurtjie wat al laer en flouer vlam.*

*Maar dit is net anders: Ons geloofslewe groei nou sterker as ooit tevore. Terwyl ons aardse lewe aan alle kante ingeperk word, gaan ons hele siel des te meer uit tot God. Ons siel verlang na God en na die Vaderhuis. By Hom soek ons genade, hulp en sterkte. In Sy gemeenskap soek ons troos. Ons bedink die dinge wat bo is, waar Christus is. Ons lewe word des te meer 'n wandel met die Here as ons bondgenoot en vriend, van wie ons al ons hulp en heil ontvang. So is die Here besig om ons ryp te maak en voor te berei vir die hemelse vaderland.*

*Terwyl haar uiterlike mens afgebreek word, het 'n bejaarde en vrome moeder aan my gesê: „Daar is nog soveel lesse wat die Here besig is om vir my te leer." So het sy uitdrukking gegee aan die ervaring van ons teks dat haar innerlike mens toe besig was om nog sterk te groei tot meerdere heiligheid.*

*Dit is 'n groot troos, as soveel wat vir ons dierbaar en kosbaar is, van ons af weggeneem word, dat tog ons allerkosbaarste, ons lewe in gemeenskap met God, toeneem en al sterker word.*

# Elsie Ballot-studiebeurse

AANSOEKE om die bogenoemde studiebeurse vir die tydperk wat in die jaar 1977 begin, kan nou ingedien word.

Die bepalinge en voorwaardes is soos volg:

Die studiebeurse bedra elk R3 500 per jaar en word slegs toegeken vir studie aan die Universiteit van Cambridge vir 'n tydperk van twee jaar wat moontlik tot drie jaar verleng kan word. 'n Vervoertoelaag van R500 word ook aan elke suksesvolle kandidaat betaal.

Kandidate moet ongetroude Suid-Afrikaans gebore blanke mans wees wat op 1 Oktober 1977 tussen 19 en 25 jaar oud sal wees, albei ouderdomme ingesluit. Die maksimum ouderdom sal verleng word met die tydperk van ononderbroke Militêre Opleiding wat 'n kandidaat ondergaan het.

Kandidate moet verkieslik na-matrikulasie- of universiteitstudie van minstens 18 maande voltooi het teen 31 Desember 1976.

Aansoeke moet die sekretaris voor 15 November 1976 bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van Die Sekretaris, Elsie Ballot-studiebeursfonds, Posbus 1365, Pretoria.

# Europese toe vir platsakstudente

**VANAF 26 November tot 27 Desember 1976 bied Gullivers Travels in samewerking met KLM, SAL en alle ander IATA-karweiers 'n toer spesiaal vir jongmense aan.**

Dit is die vyfde toer van sy soort en na verneem word was die voorafgaande vier toere 'n klinkende sukses.

Wat die inhoud betref is die toer veelsydig. Dit is 'n ontspanne toer, 'n kulturele toer en 'n vakansietoer. Dit maak voorsiening vir pret, bv. in die sneeu van Switzerland, avontuur, gemoedelikheid, vermaak, waaronder vier teaterbesoeke en 'n bietjie kultuur (musea, katedrale en kastele word besoek).

Die toerprys is R1 235 en dit is in maklike terme betaalbaar. Dit sluit heelwat voorregte, soos toeristeklas vliegtuigkaartjies, aandetes en ontbyt deurgaans en visums in. Sakgeld moet self voorsien word.

Die toergangers vertrek Saterdag 27 November om 17h00 vanaf Jan Smuts-lughawe na Amsterdam en kom Maandag 27 Desember om 12h05 weer daar aan.



# LEKKER KAMP

„AS ek moeg word vir die lewe op die PUK . . ." Reg geraai, dan móét 'n mens gaan kamp.

Dit is dan ook wat gebeur het gedurende die naweek van 30 Julie tot 1 Augustus. 'n Groep van sowat 30 KJV-lede van die N.G.-kerk, Potchefstroom-Noord het die naweek op 'n plaas naby Bothaville deurgebring.

Die kamp was oorspronklik bedoel as reünie van die eerstejaarskamp vroeër die jaar. As gevolg van akademiese drukte is dit later oopgestel vir seniors ook.

Die groep was die gaste van Tant Henna Steyn, een van ons eerstejaars se moeder. Hulle plaas, Tarrentaalbos, is die droom van enige moeë student. Dit sluit ook die spyse in, wat beslis ver verwyderd is van koshuiskos. Om natuurlik nie te praat van donskomberse en sagte matrasse nie . . .

Daar is nie 'n vaste program vir die kamp uitgewerk nie. Die grootste deel van die dag is afgestaan aan Bybelstudie oor Jesaja, wat almal besonder vrugbaar gevind het. Daar was egter nog oorgenoeg tyd oor vir ontspanning, en Saterdagaand was daar ook 'n kampkonsert gewees. Verskeie mense van die omgewing is dan ook uitgenooi na hierdie „professionele" konsert.

# Eerstejaarskamp

NA 'n allemintige Psigologietoets het die tweede helfte van ons toe Vrydagaand (18 Junie) vertrek. Van die begin af was dit 'n fees — so tussen die slaapsakke en seer-sit-staan in die beknopte bus. Daar aangekom het ons dadelik, met 'n beker stomende koffie, 'n vinnige kenmekaar gehou en die eerste helfte (wat die middag al gery het) ontmoet. Daarna is ons in kleiner groepies opgedeel vir besprekings. Onder leiding van oud- en huidige S.R.-lede het ons gesels oor die organisasies op die Puk. Daarna het ons boeke gevat, gesing en al bibberende gaan lepellê in ons smal slaapsakke.

Saterdagoggend, na 'n ontbyt (darem afwisseling van die koshuis s'n) van vars brood, koffie en eiers het ons weer besprekingsgroepe gevorm en is daar geredeneer oor die eienskappe van die ware leier. Na die middagete is daar groot sokkerwedstryde gespeel en geluister na groot stories van ‚Joe' hulle (kompetisie vir Jan Spies!!) het ons gaan bad en reggemaak vir die groot braaivleis en kampvuurkonsert!

Ai! Sal een van ons ou Charles en Jannecke vergeet — of ou LSD se grappe! Of die seremoniemeester by name Hennie van der Walt, wat redelik sy ‚wits' moes gebruik om die deelnemers te laat ‚optree'. Dié nag het ons byna verkluim; nadat absoluut *alles* uit die tasse aan die lywe was, het ons darem gehou tot dagbreek. Die wind het baie tente platgewaai — almal het in die groot kombuis gebondel!

Sondagoggend het Marius Schalekamp die diens gelei en ons het ook die ‚Plig van die Christen op die Kampus' bespreek. Daar het ons tot die gevolgtrekking gekom dat ons meer na buite moet leef ten opsigte van ons godsdiens.

Daar is ook 'n skyn-SR-vergadering gehou waar ons ons natuurlik gebreek het vir Jan Botha!



# ASB-toerprogram

DINSDAG 30 NOVEMBER:
Vertrek vanaf Johannesburg per Lugstraler.

WOENSDAG 1 DESEMBER:
Aankoms in Londen.
Verplasing na hotel na u aankoms.
Dies res van die dag vry.

DONDERDAG 2 DESEMBER:
IN LONDEN.
Halfdagse besigtigingstoer van „The West End".

VRYDAG 3 DESEMBER:
LONDEN/BRUSSEL
Reis oor Dover en Ostend na Brussel vir oornag.

SATERDAG 4 DESEMBER:
BRUSSEL/AMSTERDAM
Oggend — Besigtigingstoer van Brussel. Dan reis u oor Antwerpen en Den Haag na Amsterdam.

SONDAG 5 DESEMBER:
IN AMSTERDAM
Insluitend: 'n Halfdagse besigtigingstoer.

MAANDAG 6 DESEMBER:
AMSTERDAM/KöLN
Reis oor Arnhem en Die Ruhr industrie gebied na Köln.

DINSDAG 7 DESEMBER:
KöLN/HEIDELBERG
Reis langs die Rivier Ryn en besoek Bonn en Koblenz asook Bingen om die nag in Heidelberg deur te bring.

WOENSDAG 8 DESEMBER:
HEIDELBERG/MüNCHEN
Reis na Stuttgart, huis van die Mercedes-Benz-fabriek en besoek die beroemde Wedren Museum. Na middagete verder na München, hoofstad van Beiere.

DONDERDAG 9 DESEMBER:
MüNCHEN/INNSBRUCK
Besoek Oberammergau en Linderhof Paleis om Innsbruck te bereik in Oostenryk.

VRYDAG 10 DESEMBER:
INNSBRUCK/VENEZIA
Reis oor die Europa Brug tot by die „Brenner" pas en dan deur die Dolomietberge na Venezia.

SATERDAG 11 DESEMBER:
IN VENEZIA
Oggend — besigtigingstoer te voet.

SONDAG 12 DESEMBER:
VENEZIA/ROME
Reis op die Autostrade oor Bologna na Rome.

MAANDAG 13 DESEMBER:
IN ROME

DINSDAG 14 DESEMBER:
Twee volle dae in Rome.
'n Halfdagse besigtigingstoer sal u hierdie wonderlike Stad laat sien.

WOENSDAG 15 DESEMBER:
ROME-FIRENZE
'n Kort ritjie om Firenze te bereik.
Namiddag sal u die artistieke skatte van Firenze te siene kry.

DONDERDAG 16 DESEMBER:
FIRENZE/COMO
U reis verder noord na die Italiaanse „Lake Distrik" en oor die grens van Switserland na Como.

VRYDAG 17 DESEMBER:
COMO/LUZERN
Een van die mees opwindende dae van die hele toer — dwarsoor die Alpe om Luzern te bereik.

SATERDAG 19 DESEMBER:
IN LUZERN
Die hele dag tot u beskikking vir u eie reëlings.

SONDAG 19 DESEMBER:
LUZERN/PARYS
Vroeg opstaan vir die reis na Basle en dan deur Oos-Frankryk. U sien Belfort, Langres en Troyes voordat u Parys, die koningin van stede bereik om daar te oornag.

MAANDAG 20 DESEMBER:
IN PARYS
Twee volle dae in Parys — insluitend 'n halfdagse besigtigingstoer.

WOENSDAG 22 DESEMBER:
PARYS/LONDEN
Deur noordelike Frankryk na Calais en verder per boot na Dover en dan — Londen.

DONDERDAG 23 DESEMBER:

VRYDAG 24 DESEMBER:

SATERDAG 25 DESEMBER:

SONDAG 26 DESEMBER:
KERSFEES IN LONDEN
Sluit aan by die honderde gelukkige mense te Trafalgar Square om die Noorse Skoolkoor Kersfeesliedere te hoor sing onder die reusagtige Kersfeesboom wat elke jaar deur Noorweë geskenk word.
'n Spesiale Kersfeesete sal gereël word.

MAANDAG 27 DESEMBER:
Vertrek vanaf Londen.
Na die lughawe vir die laaste keer om u reis per lugstraler na Johannesburg te onderneem.

DINSDAG 28 DESEMBER:
Aankoms in Johannesburg.

# *Bravo Ilse oor jou besluit*

**DIS die aand van die groot sweet en Ilse kondig aan dat Aster nie bestaansreg op die Puk het nie. Bravo Ilse en as ek jou 'n geheim mag vertel, die manne van Hombre is geneig om met jou saam te stem.**

LIEWE meisies, die ouens van Hombré het julle al 'n hele rukkie terug uitgenooi om te kom kyk hoe lyk ons gange se gesigte, maar helaas, die opkoms was soos by die koeksisteraand laasweek, m.a.w. daar was niemand. Elke sleeptyd loop die sitkamers van Wag-'n-bietjie, Kasteel, Soetdorings, ens. vol van die manlike geslag, maar ongelukkig is dit waar dit bly. Hoe kan daar 'n behoorlike verhouding tussen Puk dame en ou ontstaan as hulle nie eers behoorlik sy studie-milieu ken nie. Ek's bevrees die dames is hier die sondebokke.

Hoe lyk dit, wil julle nie dalk die kultuur-historiese waarde van Manjana, El Toro, Molestus, Sokkel sokkel, ens. kom evalueer, of dalk getrou aan die Suid-Afrikaanse tradisie 'n kommissie van ondersoek instel na die welsyn en status van die manskoshuise.

Hoe dink julle asters, gaan die manne reageer as julle begin belangstel in hulle blyplek? Ek sê, minder kaartjies met kamerinspeksie, meer gereelde sleeptye en 'n „bom" op die kampus. Die beste, 'n groter gees op die kampus.

Hombré en sekerlik ook ons bure Caput rig nou 'n vriendelike uitnodiging aan al wat 'n dame is om te kom kyk hoe lyk ons leefplek. Of gaan ons dit net by bedopmaak en kameruitvee bly? Ek hoop nie so nie. Kom gerus! Koffie en beskuit staan altyd reg vir 'n sêrgroepie. Geniet die toetsreeks en maak die beste daarvan. Nog 'n geheimpie, so 'n bietjie vars aandlug doen die studies glad nie skade aan nie. Sien julle een van die dae op ons eie terrein.

HOMBRÉ.

# Kennisgewing

OP 15 Oktober 1975 is daar in Nederland 'n stigting „Geen Kerkgeld voor geweld" in die lewe geroep.

Die Voorsitter van die Stigting, mnr. W. A. Bijvoet, en 'n Bestuurslid, mnr. J. J. Grünbauer, besoek die Potchefstroomse Universiteit op 20 September 1976.

Die doel van die besoek is om die belangrikheid van die aktiwiteite van die Stigting te verduidelik en vanuit Suid-Afrika steun daarvoor te werf. Mnr. Bijvoet wil ook 'n uiteensetting gee van die geestelike nood van die kerkgaande gelowige in Nederland.

'n Byeenkoms waarby mnre. Bijvoet en Grünbauer hieroor sal praat, is gereël vir 20 September 1976 om 19h30 in die Senaatsaal, PU vir CHO.

Ons sal dit baie hoog op prys stel indien u die byeenkoms kan bywoon.

# DANKIE PUKKE

PUKKE, ons sê dankie! Ons sê dankie vir elke Puk wat gehelp het om hierdie Intervarsity vir ons te „wen". Ons het hom „gewen" vergeet van die telbord, maar dink aan die paviljoen en die groot gees waarmee ons aan die Kovsies en publiek gewys het wat dit is om Pukke te kan wees.

Pukke, wys ons nog 'n wedstryd waar die „verloorders" gejuig het toe die eindfluitjie blaas en die wenspan se ondersteuners al op strepe by die hekke uitloop. Wys ons 'n massa wat 'n Alma Mater kan sing dat van die publiek na die tyd na ons kom en vertel hoe hoendervleis hul gekry het. Dis vir sulke dinge waarvoor ons sê dankie.

Waar dit ons albei se laaste Intervarsity was en sekerlik ook die grootste dankie vir samewerking, hulp en ondersteuning julle het ons taak maklik gemaak!

Ons is trots om te kan sê „ONS IS PUKKE"

Dawie en Henri.

# Die voortbestaan van Engels

**GEEN stelling oor die uiteindelike voortbestaan al dan nie van Engels as taal in Suid-Afrika kan met sekerheid gemaak word nie aangesien so 'n ontwikkeling afhang van nie-taalkundige faktore wat vir die huidige onvoorspelbaar is.**

Wat wel duidelik gestel kan word is dat Engels in Suid-Afrika nie in sy eertydse of huidige vorm staties sal bly nie. Alle lewende tale is onderworpe aan 'n voortdurende proses van verandering, so ook Engels in Suid-Afrika. Vir die daaglikse gebruiker van die taal is hierdie stelling dikwels aanvegbaar omdat taalverandering 'n relatief stadige proses wat moeilik in die daaglikse taalgebruik waarneembaar is.

Engels in Suid-Afrika was en is steeds onderhewig aan kragtige faktore wat verandering in die hand werk. Tot so 'n mate dat taalkundiges die eisoortige vorm van Engels in hierdie land reeds aandui as Suid-Afrikaanse Engels. Dit word beskou as 'n gewestelike vorm van Engels beperk tot Suid-Afrika en word taalkundig gesien as gelykwaardig aan ander gewestelike vorms soos Australiaanse-, Kanadese-, en Amerikaanse Engels, met selfs Britse Engels niks meer as 'n gewestelike, alhoewel histories oorspronklike, vorm van Engels nie.

Daar bestaan geen taalkundige regverdiging daarin om Suid-Afrikaanse Engels te sien as 'n minderwaardige vorm van die taal nie — veral gemeet aan Britse Engels. So 'n standpunt berus eerder op 'n siening wat nog aan voormalige koloniale pretensies vaskleef as wat dit rekening hou met huidige sosio-politieke en taalkundige werklikhede.

Suid-Afrikaanse Engels moet egter nie verwar word met die tipiese gebruik van Engels as tweede taal deur Afrikaanssprekendes nie. Suid-Afrikaanse Engels verwys na die tipiese taalgebruik van die meerderheid Engelssprekende Suid Afrikaners en kom veral by die uitspraak na vore.

'n Departement Engels aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit behoort die realiteit van die bestaan van Suid-Afrikaanse Engels te aanvaar deur realistiese standaarde vir korrekte of sosiaal aanvaarbare taalgebruik daar te stel. Deur gerigte navorsing behoort die verskil tussen Britse en Suid-Afrikaanse Engels aangedui te word en sosiolinguistiese ondersoeke kan dan die gebruik en sosiale aanvaarding van Suid-Afrikaanse Engels bepaal.

Baie van die studente se taalprobleme kan toegeskryf word aan die vaskleef aan verouderde grammatikaboeke wat nie rekening hou met resente ontwikkelings en veranderings nie. Dit beteken nie dat elke moontlike vorm toelaatbaar of aanvaarbaar is nie. So 'n benadering, hoewel populêr as 'n sogenaamd wetenskaplik neutrale standpunt gesien, lei tot verwarring en onsekerheid by die taalgebruiker wat uiteindelik oorgaan in 'n groeiende individuele en kollektiewe onvermoë tot effektiewe kommunikasie.

Deur Suid-Afrikaanse Engels te plaas teen die agtergrond van sy sosiale dimensie, en sodoende ook gestalte te gee aan die moderne universiteit se sinvolle en rigtinggewende sosiale betrokkenheid, kan veel bygedra word tot nugtere feitekennis oor taalgebruike en -gesindhede, nie net ten opsigte van Engels nie maar ook ten opsigte van die hele terrein van Suid-Afrika se veeltalige betrokkenheid. Sodoende word Suid-Afrikaanse Engels nie beskou as verwording nie maar as verryking.

# Dit raak stiller in koshuis

**DIT raak al hoe stiller in die koshuis. Die lys name in die uittekenboek raak al hoe korter en die bedrywighede raak al hoe minder. Alles staan nou net in die teken van die swot. Inter-aksies en sport moet nou opsystaan. Maar darem nie heeltemal nie...**

VERLEDE week was een groot fees. Die meisies het almal in die vereiste kleure gepronk en Woensdag . . . Woensdag was (naas Vrydag) die lekkerste dag. Ons het groot mokete gehou saam met albei ons rektors en hulle vrouens. Ons koshuis het mos twee families — Pote en Pukke. Toe het ons sommer in ons half-susters se sitkamer die fees saam met hulle gehou. En asof dit nie genoeg was nie, leen ons toe nog hulle sitkamer om 'n Amerikaanse vredesberaad met Helmat te hou. En hoe geslaagd was die detente-pogings toe nie.

Vrydag het ons die koshuis in sy mooiste vere uitgedos om elk die man van haar hart te kan onthaal. Die mans het nogal omkyk-omkyk geloop so ongewoon was die ervaring. Dit het seker gevoel asof hulle in 'n plek is waar daar 'n bordjie staan: Oortreders sal vervolg word.

Hierdie week het die onheilspellende rustigheid weer oor die koshuis gedaal. Dit is net die Alabama-en-Thalia rose wat so bedrywig is dat die vere waai.

Sterkte met die stilte en die swottings!

**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonómie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Op die Standard kan u staatmaak

LINTAS SB/11737/202/A

# Sport

# JAARVERSLAE VIR 1976

## Dameshokkieklub

1. *Werksaamhede.*
1.1 *Algemeen*
Die Klub het hierdie jaar uit 40 lede bestaan. Die eerste en tweede spanne het in die Wes-Transvaal A-liga en die derde span in die B-liga deelgeneem. Die eerste span het onoorwonne uit die stryd getree om sodoende die A-liga te wen. Die tweede span het derde geëindig.
*Koshuisliga*
Die koshuisliga is gesamentlik deur Klawerhof en Vergeet-my-nie gewen. L.g. het die Cecil Malan-trofeë gewen vir die meeste doele geskiet.
1.2 *S.A.U.-toernooi*
Die S.A.U.-dameshokkietoernooi het tussen 5 en 9 Julie 1976 te Grahamstad plaasgevind. Die toernooi is deur Maties gewen met Natal in die tweede plek. Alhoewel die Puk laag geëindig het, was die tellings die laagste in jare teen die Puk. Van die ses wedstryde wat gespeel is, het die Puk 1 gewen, nl. teen Kovsies — en wat 'n oorwinning en blydskap! Twee gelykop gespeel en 3 verloor. In die wedstryde wat verloor is, is nie meer as 2 doele teen die Puk aangeteken nie. Die Puk is daartoe in staat om die toernooi binne die volgende jaar of twee te wen!
1.3 *Intervarsity*
Tradisioneel aan die Puk-Kovsies-gees was dié wedstryd weer die hoogtepunt van die seisoen. As mens in gedagte hou dat die Puk weer eens te doen gehad het met Annette Becker 'n kranige doelskieter — is die telling van 2—1 teen die Puk so goed as 'n oorwinning. Volgende jaar stap die Puk met die lourier krans weg!
2. *Sosiale bedrywighede*
Reeds aan die begin van die seisoen is 'n braaivleis saam met die manshokkieklub gereël. Alhoewel die reën die bywoning van talle gekortwiek het, het dié wat dit bygewoon het dit terdeë geniet.
Die klub het hom veral daarop toegespits om finansieel op die voete te kom met die oog op 'n toer aan die begin van 1977. In dié poging is na wense geslaag deur gereelde koeldrank verkope, o.a. ook met die R.A.U.-sportdag en pannekoek verkope tydens karnaval. Die bestuur het ook verskeie gedagtes om 'n geldinsamelingsveldtog van stapel te stuur voor die begin van die volgende hokkieseisoen.
'n Afsluitingsfunksie word vir die lede van die klub beplan.
3. *Prestasies*
Vier dames het die Puk in die Wes-Transvaal A-span verteenwoordig, nl. M. Joubert, H. van Deventer, T. Venter en S. Coetzee.
Dit is die derde agtereenvolgende jaar dat Mariana Joubert dié prestasie behaal.
Nog 4 dames het die Puk in Wes-Transvaal B-span verteenwoordig nl. Celest Casey, Cornelia Meyer, Lisette Uys en Louise Strydom.
C. Casey en C. Meyer kon vanweë omstandighede nie die toernooi bywoon nie en het hulle van die span onttrek.
4. *Aanbevelings*
Geen.
Met danke aan die Sportraad en die Sportinstituut.
Die Uwe,
S. Coetzee (mej.)
*Voorsitster 1976.*

## Gholfklub

DIE gholfklub was hierdie jaar nie baie aktief nie en wel vanweë 'n verskeidenheid van redes.
Eerstens is ons in geen liga ingeskryf nie, want al die verskeie ligas word op Sondae afgehandel. Ons was nie in staat om iets daaraan te doen nie.
Tweedens het die Puk-gholfkampioenskappe nog nie plaasgevind nie, omdat die baie reën veroorsaak het dat die plaaslike gholfbaan vir ongeveer drie maande in 'n onspeelbare toestand was. Aangesien ons van die buiteklub se baan gebruik maak, kan ons nog nie 'n geskikte datum kry om die kampioenskappe te hou nie. Die reëling hiervan nader egter voltooiing en dit sal hopelik in September gehou word.
Derdens het die belangstelling effens getaan, hoofsaaklik vanweë die feit dat die gholfbaan in so 'n modderige toestand was. Dit was vir die meeste gholfspelers meer voordelig om in omliggende dorpe te gaan speel, hoewel dit taamlik duur is.
Vierdens is die lidmaatskapgelde van studente aan die buiteklub verhoog. Dit is tans R30 intreefooie en R11 jaarliks. Hoewel dit goedkoop is in vergelyking met wat volle lede betaal, skrik dit nogtans studente af, gesien in die lig van die feit dat jy elke keer wat jy speel ook ten minste R1 moet betaal. Daarby is dan ook nie ingesluit die koste van gholfballe nie. Mans speel op die meeste 18 putjies met een bal en dié kos in die omgewing van 70c elk. Gholfstokke is dan vir die aard van die saak baie duur.
Daar is darem een ligpunt en dit is dat Robert Schoeman, een van die Puk se studente, die kampioenskappe van die buiteklub gebuit het. Hy is dan ook verkies om Wes-Transvaal te verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse Interprovinsiale kampioenskappe wat binnekort sal plaasvind.
Ons het dan ook 'n gesonde kern wat gereeld gholf speel. Hier is verskeie spelers met enkelsyfer-voorgeë en ons behoort 'n sterk span na die SAU-toernooi te kan stuur, wat gedurende die eerste week van Desember in Stellenbosch plaasvind.
C. F. Kruger.

## Judoklub

1. *Eerste Termyn*
Die ouer garde het op 'n hoë noot begin en saam met die Bestuur 'n paar „Dore en Drake" by die Klub betrek.
Die Pukke het hulle merk vroeg die jaar gemaak toe twee lede, R. van Rensburg en N. Stoltz gekies is vir Wes-Transvaal. Ongelukkig het hulle nie die geleentheid gehad om Wes-Transvaal te verteenwoordig nie, omdat die voorgestelde geveg afgestel was.
N. Stoltz het ook die onderskeiding behaal toe hy as Kaptein verkies is van die Noordelike-Universiteitespan teen Rhodesië.
Met die oog op die SAU-week het die Pukke 'n toer gereël gedurende die Julie 1976 vakansie, wat een groot Judo-Fees was. Op die toer verslaan die Pukke Renshudon Klub in Pietermaritzburg en in New Castle kraai die Pukke 4 — 3 koning oor Noord-Natal.
Direk na afloop van die toer het die Pukke aan die SAU-toernooi by RAU deelgeneem. Die beker het die jaar aan die Tukkies behoort.
Die Suid-Afrikaanse kampioenskappe het 'n dag na die SAU-toernooi begin en N. Stoltz het die SAU-span verteenwoordig. M. Otto en R. van Rensburg het die Wes-Transvaalse span verteenwoordig.

2. *Tweede Termyn*
Die nuwe Bestuur is net voor Intervarsity gekies:
Voorsitter: R. van Rensburg.
Ondervoorsitter: N. Stoltz.
Sekretaresse: (vakant).
Addisionele Lid: Chris Prinsloo (Penningmeester).
Addisionele Lid: Hugo Pienaar.

## Karateklub

ONS het vroeg aan die begin van die jaar met ons werksaamhede begin. Al wat ons aan die begin 'n bietjie probleme besorg het, was 'n oefenplek maar die probleem is gou opgelos. Ons oefen elke Dinsdag en Donderdag vanaf 17h00 tot 19h30 uur.
Die karateklub bestaan tans uit ongeveer 60 aktiewe lede, wat baie goed is as in ag geneem dat elke lid moet betaal om karate te neem.
Ons het gedurende die jaar tot op datum twee graderings gehad wat baie suksesvol was, wat 'n bewys is van die goeie afrigting wat ons kry.
Op die 5de Maart het ons manne 'n karatevertoning op Viljoenskroon by die skou gelewer, wat baie goeie publisiteit vir die Universiteit was.
Die 27ste Maart het ons so klein intervarsity met RAU gehad wat ons ook gewen het, danksy die goeie ondersteuning wat ons geniet het.
Die 30ste April het ons weer 'n karatevertoning op Parys by die skou gelewer wat ook 'n baie groot sukses was.
Die 3de Julie het daar 5 van ons manne aan die SAU-kampioenskappe in Pietermaritzburg gaan deelneem en daar het ons 6de plek behaal.
Die 20ste Augustus gaan ons Bloemfontein toe vir intervarsity en ek is oortuig dat ons hulle kan klop.
Die 28ste Augustus beplan ons ook 'n kampioenskap teen Tukkies wat hier by ons op Potchefstroom sal plaasvind.
Ons sal die jaar se verrigtinge teen die helfte van November met 'n geselligheid afsluit.
P. J. DE VILLIERS,
VOORSITTER.

## Manshokkieklub

DIE manshokkieklub kan terugkyk op 'n suksesvolle jaar. Die groot rede hiervoor is dat die klub weer 'n afrigter gehad het waarna hy kan opsien. Dit is dan ook logies dat die hokkie geweldig verbeter het. Hierdie bewering kan gestaaf word deur te kyk na die uitslae. Die eerstespan het onoorwonne in hulle liga geëindig en die tweede span het slegs een wedstryd verloor.
Die SAU-toernooi is hierdie jaar gehou te Grahamstad. Ook hier het ons getoon ons kan ons man staan. Die span het net sy wedstryd teen RAU gewen maar die tellings was veel laer as die vorige jare.
Ook op provinsiale vlak het die klub sy spelers gelewer. H. Aldum het Griekwas onder 21 verteenwoordig en A. Blaauw, A. Ferreira en M. Faccondini het Wes-Transvaal verteenwoordig.
Wat die sosiale sy betref was daar beter skakeling tussen mans- en dameshokkiespelers. Die klub wil dan ook net 'n woord van dank rig aan die afrigter mnr. Oliver Chisholm vir die dienste wat hy gelewer het. Ek sluit my jaarverslag af deur te sê ons sien uit na 1977 en gaan hom met volle vertroue tegemoet.
A. BLAAUW.

## Gimnastiekklub

DIT is vir ondergetekende 'n voorreg om verslag te doen van die aktiwiteite van die Gimlnastiekklub vir die jaar 1976.

INLEIDEND

Nadat die klub verlede jaar prakties gesproke doodgeloop het, het daar hierdie jaar 'n herlewing plaasgevind en kan ons nou met 19 lede die jaar afsluit.

VERGADERINGS

Daar is gereeld bestuursvergaderings gehou. Sake van belang is bespreek. Aangesien daar aan 'n klub gebou is met hoofsaaklik beginners as lede is baie aandag aan afrigting en die algemene grondslag van gimnastiek gegee.

KAMPIOENSKAPPE

Gedurende April 1976 het twee mans en 'n dame aan 'n eiekeuse kompetisie deelgeneem.
Die aanbieding van die SAU-Gimnastiekkampioenskappe kan as baie geslaagd beskou word. Ons dames het 'n derde plek en die mans 'n vierde plek behaal. Die standaard van die kompetisie was besonder hoog. Die PU is vanuit verskeie oorde gelukgewens met die aanbieding van die kampioenskappe.
Op die Wes-Transvaalse Grade-kampioenskappe het 13 van ons gimnaste die span gehaal om aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te gaan deelneem.

## Valskermklub

DIE PU-valskermklub beleef 'n jaar van groei en oplewing, nie slegs vanweë 'n toename in ledetal nie, maar ook op die terrein van prestasies en klubaktiwiteite:-
Die ledetal styg van 18 in 1975 tot 32 lede in 1976. Die buitengewone aktiewe bydrae van die deelnemers word weerspieël in die feit dat daar meer as 200 spronge uitgevoer is, waarvan ± 90 vryvalsprongе was. Die aankoop van 'n valskerm deur die Sportinstituut gedurende Mei, het die klub tot voordeel gestrek, maar voorsien nog verreweg nie in die klub se behoeftes nie.
Daar is vanjaar twee groot opleidingskursusse vir beginners aangebied, waarvan die laaste tans besig is om ten einde te loop. Vordering is gemaak sodat die klub tans oor sewe springers beskik wat in staat is om gekontroleerde vryvalsprongе uit te voer.
Tydens die sportdag teen RAU was die PU-valskermklub verantwoordelik vir die organisering van skou-spronge, wat suksesvol op die Fanie du Toit-sporterrein uitgevoer is.
'n Junior drie-man merksprongspan het die Puk gedurende die Julie-vakansie in Salisbury verteenwoordig, waar die 10e Internasionale Rhodesiese Valskermkampioenskappe gehou is. Die Puk-driemanspan het derde geëindig, terwyl die spanleier 'n tweede plek in die individuele kompetisie verower het.
Daar word tans daadwerklik gepoog om die eerste valskerm-intervarsity tussen Puk en UOVS te laat plaasvind. Dit beloof om die eerste maal te wees dat twee Suid-Afrikaanse universiteite op hierdie terrein van die sport sal meeding.


**Volkskas praat die taal van kundiges**

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

**Volkskas**

ARBEIDSAAMHEID

# Sport

## De Bruin maak byna ook so

**'N VOORSMAKIE van die heldhaftige Puk-vertoning op die Vrystaatstadion is reeds verlede Vrydagaand op die muurbalbaan gelewer, toe Johan de Bruin en die trots van die Kovsies, Faan Lubbe, sake uitgespook het. En wat 'n gespook was dit nie!**

In 'n verbete wedstryd wat op tien minute na twee uur lank geduur het, het die Puk uiteindelik om twintig voor twaalf die knie met 2—3 moes buig. De Bruin het vanuit die staanspoor puik gespeel, die eerste spel met 10/8 gewen, die tweede 7/9 verloor en toe weer die derde spel ingepalm, met 10/9.

Soos die tellings aandui, was dit drie moordende spelle, hoewel beide spelers uiters fiks was. In die vierde spel het De Bruin egter toegelaat dat Lubbe 'n greep op die wedstryd kry en het hy spoedig met 1/8 agtergeloop. Hierop het hy kwaai begin terugveg en moes Lubbe hard spook om uiteindelik 9/3 te wen. 'n Verbete eindpoging in die vyfde spel kon egter nie voorkom dat Lubbe met 9/5 die spel en die wedstryd inpalm nie.

De Bruin se vertoning was 'n groot verbetering op sy kragmeting met Lubbe tydens die SAU-toernooi, toe laasgenoemde hom met 3—1 geklop het. Skynbare oorgerustheid na die vierde spel en die taktiese fout om aan die einde van die vierde spel so hard terug te veg het waarskynlik tussen De Bruin en die oorwinning gestaan. Hy kon liewer die vierde spel „opgeoffer" het en dan probeer het om die vyfde spel in sy guns te beklink — wat vry algemene taktiek in top-muurbal is.

EERSTE MANSPAN

Die botsing tussen die mans eerste spanne was tot op die einde in die weegskaal. Hoewel beide spanne drie wedstryde ingepalm het, is die oorwinning op 'n stel-basis beklink toe De Bruin sy tweede speloorwinning oor Lubbe behaal het. Thinus Smidt op nommer twee (3/1), Clive Ulyate op nommer vier (3/1) en Piet van der Schyff op nommer ses (3/0) is die ander manne wat tot die Puk-oorwinning bygedra het, met Johan Higgs (1/3) en Boet Schlebusch (0/3) aan die verloorkant.

HELENE SCHLEBUSCH

Die Puk se eerste damespan het minder goed gevaar. Slegs Helene Schlebusch het haar wedstryd baie maklik ingepalm, toe sy haar provinsiale teenstander Truia Coetzee met 3/0 verslaan het.

Joan Basson, wat besig is om in 'n waardevolle toekomstige opvolgster vir Helene te ontpop, is na 'n taai wedstryd naelskraap deur Elsie van der Walt met 3/2 geklop.

# PUKKE DEEL DIE NESERBEKER

DIE Pukke deel dié jaar die Neserbeker met Potch Dorp wat albei 20 punte het na twaalf wedstryde. Die Pukke het twee wedstryde verloor terwyl Potch Dorp slegs een verloor het en twee gelykop gespeel het.



Dries Coetzer. — Foto: Hendrik Bosman.

Vir die derde plek in die liga was die kompetisie sterk tussen RPM, Westelike en Vaal Reefs. RPM het vyf wedstryde verloor en een gelykop gespeel. Hulle punte is dus dertien. Westelikes het ook vyf wedstryde verloor maar twee gelykop gespeel. Vaal Reefs het ses wedstryde verloor en een gelykop gespeel. Hulle punte is dus elf en Westelikes se punte twaalf.

Strathvaal en Klerksdorp kon slegs daarin slaag om elk twee wedstryde te wen.

Die Pukke se prestasie was dus besonder goed, want in twaalf wedstryde het hulle 400 punte aangeteken en slegs 104 punte is teen hulle aangeteken. Dus 'n gemiddelde telling van 33,3 punte vir die Pukke en 9,5 teen ons.

## Beplanning Intervarsity

**SATERDAG 28 Augustus — die groot dag vir die Puk se Beplanningstudente. Puk was die gasheer en Tuks en Wits die gaste. Dit was die eerste keer dat die intervarsity 'n driehoekige byeenkoms was.**

Die gaste — omtrent 30 persone van beide universiteite — het om 12h00 opgedaag, waarna ons middagete op die Fanie du Toit sportkompleks genuttig het. Die besoekers was merkbaar beïndruk met die kompleks.

Om 13h00 is in alle erns met die verrigtinge begin. Daar is meegeding in tafeltennis, muurbal, sokker, hokkie, gholf, rugby en snelsuip. Alles het goed afgeloop, behalwe dat die bier te gou klaar was en daar nog gehaal moes word!

Die uitslae was soos volg:
Tafeltennis — Tuks wen.
Muurbal — Wits wen.
Sokker — Wits wen.
Hokkie — Wits wen.
Gholf — Wits wen.
Rugby (ernstig) — Puk wen.
Rugby (wynspanne) — Puk wen.
Snelsuip — niemand wen nie.

Die Tukkies het gekla dat ons manne nie hoog genoeg in die takke was met die wynspanrugby nie. Die hoogtepunt van hierdie wedstryd was Sam Pellissier se manjifieke drie!

Die aand na die uitputtende sportkapperjolle, hou ons braaivleis op die sportterrein. Dit was baie gesellig en rustig behalwe vir 'n onderonsie omdat iemand se bier „verdwyn" het.

Die ouens en asters is heeltemal tevrede en versadig hier weg nadat ons verseker is dat dit die beste interbeplanning ooit was.

'n Witsie het opgemerk dat hy heeltemal verbaas was oor die Pukke. Hy het ons voorgestel as plaasjapies met kortkort hare, wat nie Engels praat nie en ook nie denims dra nie.

In hierdie opsig dink ek was hierdie inter-universitêre skakeling heeltemal geslaagd.

Dis ook eintlik ironies dat die Witsies hulle uitmuntend gedra het, teenstrydig met wat 'n mens van hul hoor.

Die Puk se planners bedank ons dosente vir hul bydrae en spesiaal vir prof. Potgieter vir sy inspirasie en dreigemente.

Wits het aangebied om die intervarsity volgende jaar op hul skouers (en sakke) te neem.

## Netballiga-uitslae

NETBALDAMES — ons is trots op julle!

'n Vriendelike kwispel van ons eie tier se stert om baie geluk te sê met Saterdag se puik oorwinning!

Dit bring 'n warm gevoel hier diep binne om te weet dat buiten die feit dat julle onder die eerstes geëindig het met Koshuis-liga, julle boonop Saterdag in Kovsies-land die Puk en veral KASTEEL se naam hoog gehou het.

DANKIE EN BAIE GELUK.
Mede-Kastelers.
A. Burger.

## Alle eer aan...

**DIE Intervarsity van 1976 sal onthou word as die dag toe die Pukke amper vir Vrystaat 'n bloutjie laat loop het.**

Sowat van spangees en samespel is baie lanklaas op enige rugbyveld gesien. Die vyftien bulle van die Puk het rugby uit die boonste rakke gespeel. Die verdediging was rotsvas en in die los spel het elke Puk meer as sy deel gedoen.

Barry Wolmarans het die eerste drie vir Kovsies aangeteken wat nie deur De Wet Ras vervyf kon word nie. De Wet Ras het wel met een strafskop geslaag om aan die Kovsies sewe punte te besorg. Ons gelykmakende punte is aangeteken deur Marcus Kruger wat 'n baie goeie drie gedruk het, maar nie deur Sors Greyling vervyf kon word nie. Sors het egter 'n strafskop oorgeskop wat ons ook sewe punte besorg het.

Die telling het dieselfde gebly tot tien minute voor die einde. Harry Smalman is toe van die veld af en in daardie tyd wat oorgebly het het die Kovsies twee baie opportunistiese drieë gaan druk. Die drie deur Gerrie Germishuis is deur Piet Strydom vervyf maar hy kon nie daarin slaag om die drie van Eben Jansen te vervyf nie.

Die eindtelling dan 17—7 in die Kovsies se guns.

| *Sport* | *Puk* | *Kovs.* |
|---|---|---|
| Gholf | 3 | 2 |
| Skaak | 16 | 32 |
| Gimnastiek | 224,92 | 224,18 |
| Muurbal: | | |
| Mans 1e span | 12 | 10 |
| Mans 2e span | 0 | 6 |
| Dames | 1 | 7 |
| Pluimbal | 6 | 4 |
| Skerm Dames | 10 | 6 |
| Skynhof | 5 | 5 |
| Mans tennis | 8 | 4 |
| Dames tennis | 0 | 7 |
| Onderwaterduik | 1 500 | 1 110 |
| Hokkie dames | 2 | 1 |
| Mans Hokkie | 0 | 0 |
| Netbal: | | |
| 1e span | 22 | 18 |
| 2e span | 17 | 19 |
| 3e span | 11 | 4 |

## SPORTLUGLEEGTE

**TER bevordering van atletiek aan die universiteit en om die „sportlugleegte" wat jaarliks na intervarsity ontstaan te vul het die PU-Atletiekklub besluit om 'n koshuisliga vir die sport in te stel. Byeenkomste word beplan vir 8, 15 en 29 September.**

Met die instelling van so 'n liga voldoen die klub aan die behoefte van 'n algemene sportkompetisie aan die universiteit gedurende September. Dit bied ook geleentheid aan sluimerende talent om na vore te tree wat later met PU-kampioenskappe en die Dalrymple verder kant ontwikkel. Selfs die koshuisgees en -samehorigheidsgevoel kan daardeur bevorder word en diepte aan die klub verleen word.

In kort — so 'n liga kan tot groot moontlikhede groei. Een van die groot voordele daarvan is dat dit atletiek in die geledere aan die universiteit net kan versterk.

Die byeenkomste van 8 en 15 September word op die Fanie du Toit-sportterrein aangebied van 16h30—17h45 met die finaal van 29 September op die Park-ovaal. Aldrie die kompetisies vind op 'n puntebasis plaas en die totale punt word in berekening gebring om die uiteindelike wenner te bepaal. Om dus die liga te kan wen moet 'n koshuis aan aldrie die byeenkomste deelneem.

Die volgende is die belangrikste reëls wat op die kompetisie betrekking het:

— Elke koshuis word beperk tot drie atlete per item. Die aantal nommers waaraan 'n atleet deelneem is opsioneel.

— Punte word toegeken volgens voorafbepaalde standaarde (Portugese tabel). In die geval van worpe word die veld in afstandsektore verdeel en punte word toegeken volgens die sektor-gooi van die atleet. Dieselfde beginsel word by die ander velditems toegepas.

— Vanweë die tydfaktor word veldatlete net tot vier pogings beperk, behalwe in hoogspring waar die gewone reëls geld.

— Een aflosspan per koshuis word toegelaat en staan bekend as 'n „vyf man — vyf minute aflof". Die span wat die verste in vyf minute (300 sekondes) vorder is die wenspan wat 100 punte verdien, waarna dit in tiene afneem vir die tweede, derde span, ens.

— Op die program van 8 September is die nommers 100 en 400 (mans en dames), 1 500 (dames), 1 000 (mans), verspring, hoogspring en skyfwerp (mans en dames). Op 15 September word weer meegeding in 200 en 800 (mans en dames), 110 hekkies (mans), 100 hekkies (dames), aflos (mans en dames), driesprong (mans), gewigstoot en spiesgooi (mans en dames).

— Met die finaal op 29 September word 'n volledige program afgehandel, 'n kombinasie van die items van 8 en 15 September.

— Elke kompetisie sal 'n afsonderlike wenner hê, waarna die punte geakkumuleer word om 'n finale wenner aan te wys.

— Trofeë word toegeken aan die wennende man- en damespan van die liga.

Dawie Malan, atletiekkaptein van die Pukke, organiseer die liga in samewerking met die koshuiskomitees en -atletiekverteenwoordigers.

## Klawerhof wen

KLAWERHOF en Heide moes uitspeel om te bepaal wie die dames se kampioen sal wees in die Netballiga. Nadat die speeltyd verby was, het die die twee spanne nog steeds gelykop getrek. Daar moes toe ekstra tyd bygevoeg word om 'n wenner te bepaal. Heide was eerste om 'n doel aan te teken, maar Klawerhof het verwoed teruggeveg en toe die tyd verstreke was, het Klawerhof drie doele gehad en Heide slegs een.

Die finale uitslag van die liga is dus soos volg:

| Span | Doele | Punte |
|---|---|---|
| Klawerhof | 110 | 18 |
| Heide | 107 | 18 |
| Kasteel | 136 | 14 |
| Kulu | 86 | 14 |
| Wanda | 53 | 14 |
| Oosterhof | 104 | 10 |
| Wag-'n-bietjie | 74 | 8 |
| Vergeet-my-nie | 56 | 6 |
| Karlien | 20 | 4 |
| Dorp | 25 | 2 |

## IBBIES WEN JAAP STEYN TROFEE

DIE drie spanne wat hier baklei het om bo uit te kom, was ons Ibbies, Rustenburg en die Landboukollege. So straf was die kompetisie dat daar slegs 1 punt verskil tussen die drie boonste spanne was.

Die Ibbies wen egter die liga en dus ook die Jaap Steyn trofee deur tien van hulle twaalf wedstryde te wen en twee te verloor.

Tweede was Rustenburg wat ook net twee wedstryde verloor het, maar een wedstryd gelykop gespeel het en dus negentien punte versamel het. In die derde plek dan was die Landboukollege wat drie wedstryde verloor het en dus is hulle puntetotaal agtien.

Na hulle kom Fochville met tien punte, P.O.K. met sewe punte, Wes Wits met ses punte en laaste Sasolpark met vier punte.

Die onder 20 Pukke het reeds die Barnard beker verower, maar moet nog op die 8ste September uitspeel vir die RPM trofee. Die wedstryd word teen die span van Weermag gespeel.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*